
**Deur President Henry B. Eyring**
Eerste Raadgewer in die Eerste Presidensie



# Die Beloning van Uitnemende Volharding

Toe ek ŉ jong man was, het ek in die Kerk gedien as ŉ raadgewer van ŉ wyse distrikspresident. Hy was voortdurend besig om my iets te probeer leer. Ek onthou die raad wat hy my eenkeer gegee het: "Wanneer jy iemand ontmoet, behandel hulle asof hulle in ernstige moeilikheid is, en jy sal meer as die helfte van die tyd reg wees." Ek het tóé gedink dat hy pessimisties was. Nou, meer as 50 jaar later, kan ek sien hoe goed hy die wêreld en die lewe verstaan het.

Ons kom almal beproewinge teë — by tye, baie moeilike beproewinge. Ons weet dat die Here toelaat dat ons beproewinge ondergaan, sodat ons gepoleer en volmaak mag word sodat ons vir ewig saam met Hom kan wees.

Die Here het die Profeet Joseph Smith in Liberty-gevangenis geleer dat die beloning om sy beproewinge goed te verduur, hom sou help kwalifiseer vir die ewige lewe:

"My seun, vrede vir jou siel; jou teëspoed en verdrukkings sal slegs ŉ kort oomblik wees;

"En dan, indien jy dit goed verduur, sal God jou omhoog verhef; jy sal triomfeer oor al jou vyande" (L&V 121:7–8).

So baie dinge tref ons in ŉ leeftyd dat dit mag blyk asof dit moeilik is om goed te verduur. Dit mag só voel vir ŉ familie wat staatmaak op hulle oes wanneer daar geen reën is nie. Hulle mag wonder, "Hoe lank kan ons uithou?" Dit mag so voel vir ŉ jong man wat te staan kom voor vieslikheid en versoekings. Dit mag so voel vir ŉ jong man wat sukkel om die opvoeding of opleiding te ontvang wat hy nodig het vir werk om ŉ vrou en familie te onderhou. Dit mag so voel vir ŉ persoon wat nie ŉ werk kan kry nie of wat werk ná werk verloor het soos wat besighede hulle deure toemaak. Dit mag so voel vir diegene wie se gesondheid en fisiese krag wegkwyn, wat vroeg of laat in hulle lewens mag plaasvind of vir diegene vir wie hulle lief is.

Maar ŉ liefdevolle God het nie sulke beproewinge voor ons geplaas bloot om te sien of ons moeilikhede kan verduur nie, maar eerder om te sien of ons hulle goed kan verduur en so gepoleer mag word.

Die Eerste Presidensie het Ouderling Parley P. Pratt (1807–57) geleer toe hy ŉ nuut-geroepte lid van die Kworum van die Twaalf Apostels was: "Jy is betrokke by ŉ saak wat jou volle aandag vereis; . . . word ŉ gepoleerde skag. . . . Jy sal baie inspanning, baie arbeid en baie ontberings moet verduur om perfek gepoleer te word. . . . Jou Hemelse Vader vereis dit; die veld is syne; die werk is syne; en Hy sal . . . jou blymoedig maak . . . en jou opbeur."[1]

In die boek van Hebreërs praat Paulus van die vrug wat kom wanneer ons goed verduur: "Nou lyk elke tugtiging of dit op die oomblik nie ŉ saak van blydskap is nie, maar van droefheid; later lewer dit egter ŉ vredevolle vrug van geregtigheid vir die wat daardeur geoefen is" (Hebreërs 12:11).

Ons beproewinge en ons verdrukkinge gee ons die geleentheid om te leer en te groei, en hulle mag selfs ons geaardheid verander. Indien ons na die Verlosser kan keer in ons teëspoed, kan ons siele gepoleer word soos wat ons volhard.

Daarom is die eerste ding om te onthou om altyd te bid (sien L&V 10:5; Alma 34:19–29).

Die tweede ding is om voortdurend daarna te strewe om die gebooie te onderhou–wat ook al die teëstand, die versoeking, of die oproerigheid om ons (sien Mosia 4:30).

Die derde noodsaaklike ding om te doen is om die Here te dien (sien L&V 4:2; 20:31).

In die Meester se diens, leer ons om Hom te ken en lief te hê. Ons sal, indien ons aanhou met gebed en getroue diens, begin om die hand van die Saligmaker en die invloed van die Heilige Gees in ons lewens te herken. Baie van ons het al vir 'n tydperk sulke diens gelewer en daardie kameraadskap gevoel. Indien jy terugdink aan daardie tyd, sal jy onthou dat daar veranderinge in jou was. Die versoeking om boosheid te doen het geblyk om minder te wees. Die begeerte om goeie dade te doen het vermeerder. Diegene wat jou die beste ken en jou liefhet, mag dalk gesê het: "Jy het meer sagmoedig en meer geduldig geword. Dit blyk nie asof jy dieselfde persoon is nie."

Jy was nie dieselfde persoon nie. Jy is deur die Versoening van Jesus Christus verander omdat jy op Hom vertrou het in jou oomblik van beproewing.

Ek belowe jou dat die Here tot jou redding sal kom in jou beproewinge indien jy Hom sal soek en Hom sal dien en dat jou siel in die proses gepoleer sal word. Ek daag julle uit om gedurende al julle beproewinge julle vertroue in Hom te plaas.

Ek weet dat God die Vader leef en dat Hy elke gebed van ons hoor en beantwoord. Ek weet dat sy Seun, Jesus Christus, die prys vir al ons sondes betaal het en dat Hy wil hê dat ons na Hom sal kom. Ek weet dat die Vader en die Seun oor ons waak en 'n weg voorberei het sodat ons goed kan verduur en weer huis toe kan kom.

**NOTA**

1. *Autobiography of Parley P. Pratt,* ed. Parley P. Pratt Jr. (1979), 120.

---

**ONDERRIG UIT HIERDIE BOODSKAP**

Ons het almal uitdagings wat ons geloof en vermoë om te volhard, toets. Oorweeg die behoeftes en uitdagings van diegene wat jy leer. Voor die besoek kan jy bid vir leiding om te weet hoe om hulle beter te help om goed te verduur. Jy mag dit oorweeg om beide die beginsels en die skrifture te bespreek wat President Eyring genoem het, insluitende gebed, diens en om die gebooie te onderhou. Jy mag dalk ook persoonlike ondervindinge wil deel van hoe jy al geseën is op maniere wat jou gehelp het om goed te verduur.

## JEUG

### Toe My Vriend Oorlede Is

Deur Samantha Linton

Gedurende my junior jaar op hoërskool, het my vriend 'n breinaneurisme gehad en is die volgende dag oorlede. Alhoewel ek 'n lid van die Kerk was, het ek steeds gesukkel. Ek is my hele lewe lank geleer dat ek my na Hemelse Vader en die Saligmaker kon wend vir enigiets, maar ek het nog nooit voorheen iets soos hierdie belewe nie.

Ek het vir ure gehuil, en gesoek na iets — enige iets — wat my vrede kon bring. Die nag ná sy oorlede is, het ek my na die sangbundel gewend. Terwyl ek deur die bladsye geblaai het, het ek op "Abide with Me; 'Tis Eventide" afgekom (*Gesang,*no. 165). Die derde vers het vir my uitgestaan:

*Abide with me; 'tis eventide,*
*And lone will be the night*
*If I cannot commune with thee,*
*Nor find in thee my light.*
*The darkness of the world, I fear,*
*Would in my home abide.*
*O Savior, stay this night with me;*
*Behold, 'tis eventide.*

Hierdie vers het my met soveel vrede gevul. Ek het toe geweet dat die Saligmaker nie net die nag by my kon bly nie, maar dat Hy ook presies geweet het hoe ek gevoel het. Ek weet dat die liefde wat ek deur die gesang gevoel het, my nie net deur die nag nie, maar ook deur baie ander beproewinge wat ek verduur het, gedra het.

**Die skrywer woon in Utah, VSA.**

**Jy kan "Abide with Me; 'Tis Eventide" by lds.org/go/7176 aflaai.**

© 2017 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gedruk in VSA. Engelse goedkeuring: 6/17. Vertalingsgoedkeuring: 6/17. Vertaling van *First Presidency Message, July 2017*. Afrikaans. 97927 501.

# Dat Hulle Een Mag Wees

Geloof Familie Verligting

*Bestudeer hierdie materiaal biddend en vra om inspirasie om te weet wat om te deel. Hoe sal 'n begrip van die doel van die Verligtingsvereniging dogters van God help om voor te berei vir die seëninge van die ewige lewe?*

"Jesus het volmaakte eenheid met die Vader verkry deur Homself, beide vlees en gees, aan die wil van die Vader te onderwerp," het Ouderling D. Todd Christofferson van die Kworum van die Twaalf Apostels gesê.

". . . . Ons sal sekerlik nie een met God en Christus kan wees totdat ons Hulle wil en belange ons grootste begeerte maak nie. Sulke onderwerping word nie in 'n dag bereik nie, maar deur die Heilige Gees sal die Here ons onderrig, indien ons gewillig is, oor 'n proses van tyd, sodat dit met akkuraatheid gesê kan word dat Hy in ons is soos die Vader in Hom is."[1]

Linda K. Burton, Verligtingsvereniging Algemene President, het ons geleer hoe om na hierdie eenheid te werk: "Die maak en onderhouding van ons verbonde is 'n uitdrukking van ons verbintenis om soos die Saligmaker te word. Die ideaal is om daarna te strewe om die houding te hê wat in 'n paar frases van 'n gunsteling gesang beskryf word: 'Ek sal gaan waar *U* wil hê ek moet gaan . . . Ek sal sê wat *U* wil hê ek moet sê. . . . Ek sal wees wat *U* wil hê ek moet wees.'"[2]

Ouderling Christofferson herinner ons daaraan dat "soos ons dag vir dag en week vir week strewe om die pad van Christus te volg, bevestig ons gees sy oorheersing, die geveg binne ons bedaar en versoekings hou op om te pla."[3]

Neill F. Marriott, Tweede Raadgewer in die Jongdames Algemene Presidensie getuig van die seëninge wat kom wanneer ons daarna strewe om ons wil met God se wil in lyn te bring: "Ek het gesukkel om die menslike begeerte om dinge op *my* manier te doen te verdryf, uiteindelik het ek besef dat my manier tog só kortsigtig, beperk en minderwaardig is teenoor die manier van Jesus Christus. '[Ons Hemelse Vader] se weg is die pad wat na geluk in hierdie lewe lei en die ewige lewe in die wêreld wat kom.'"[4] Laat ons in nederigheid strewe om een met ons Hemelse Vader en sy Seun, Jesus Christus, te word.

### *Bykomende Skrifture en Inligting*

Johannes 17:20–21; Efesiërs 4:13; Leer en Verbonde 38:27; *reliefsociety.lds.org*

**NOTAS**

1. D. Todd Christofferson, "That They May Be One in Us," *Liahona,* Nov. 2002, 73.
2. Linda K. Burton, "The Power, Joy, and Love of Covenant Keeping," *Liahona,* Nov. 2013, 111.
3. D. Todd Christofferson, "That They May Be One in Us," *Liahona,* Nov. 2002, 71.
4. Neill F. Marriott, "Yielding Our Hearts To God," *Liahona,* Nov. 2015, 32.

### *Ter Oorweging*

Hoe help dit ons om meer soos Hy te word wanneer ons die wil van God doen?

© 2017 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gedruk in VSA. Engelse goedkeuring: 6/17. Vertalingsgoedkeuring: 6/17. Vertaling van *Visiting Teaching-Message, July 2017*. Afrikaans. 97927 501.